

VOLKSREGERING MET BESONDERE  
VERWYSING NA SUID-AFRIKA

REDE

by die Aanvaarding van die Professoraat  
in die Staatsleer en Publieke Administrasie  
aan die Universiteit van Pretoria, gehou  
19 Augustus 1936.

deur

E. F. W. GEY VAN PITTIUS, M.A. (S.A.), Ph.D. (Lond.)



1936

VOLKSREGERING MET BESONDERE  
VERWYSING NA SUID-AFRIKA

REDE

by die Aanvaarding van die Professoraat  
in die Staatsleer en Publieke Administrasie  
aan die Universiteit van Pretoria, gehou  
19 Augustus 1936.

deur

E. F. W. GEY VAN PITTIUS, M.A. (S.A.), Ph.D. (Lond.)



1936

  
\* 2295924 \*

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN  
PRETORIA.

*Reeks IV: Intreeredes*  
*No. 4.*

## *Volksregering.*

Die Groot Oorlog het die tydvak van ontwikkeling, uitbreiding en toepassing van die beginsels van Volksregering afgesluit. In hierdie verband kan tereg gesê word dat die idees van Vryheid, Gelykheid, Broederskap en Volksoewereiniteit, wat die Franse Rewolusie losgelaat het, in 1914-18 tot 'n keerpunt gekom het. In daardie jare is die kreet gehoor dat die wêreld veilig gemaak moes word vir Volksregering; daarna het cynici begin vra of Demokrasie wel 'n veilige regeringsvorm vir die wêreld is?

Die ou instellings het verbygegaan en is in die puin gelê. Die jeug het begin twyfel aan die instellings van die ouere geslag. Die verwoesting wat aangerig is, moes herstel word en die taak was te groot, die las te swaar vir een generasie. Grondstellings wat voorheen as vanselfsprekend aangeneem is, is nou gewantrou. Hierdie houding is bespeurbaar op elke gebied van die samelewing. Die Vredesverdrag van Versailles het aangekondig dat daar 'n nuwe dag aangebreek het — maar 'n Egiptiese duisternis het nog oor die slagvelde geheers. Daar het dus onder die jeug — en veral onder die teruggekeerde soldate — 'n gees van proefneming ontwikkel.

Elke regeringstelsel berus tot 'n groot mate op die ekonomiese indeling van die tyd. So, byvoorbeeld, was die leenstelsel sowel 'n ekonomiese as 'n staatkundige organisasie.

Die Industriële Revolusie het 'n groot stoot vooruit gegee aan Volksregering. Waar die regte van die mens tot op daardie tydstip grotendeels teoretiese konsepsies was, het die misbruike wat ontstaan het onder die skielike ekonomiese reoriëntasie aanleiding gegee tot die eis om meer politieke seggenskap. Waar stemreg en politieke regte beperk was, is daardie regte grotendeels aangewend om die

besittings van sekere klasse te beskerm. Staatkundige en ekonomiese regte het hand aan hand gegaan. Gevolglik het die arbeiderklasse — industrieel sowel as landelik — meer politieke regte geëis om daardeur ook hul ekonomiese posisie te verbeter. As gevolg van die Industriële Revolusie het die mag oorgegaan van die adel na die nuwe *bourgeoisie* — die ryk middelstand.

Indiwidueel was die arbeiders swak. Gesamentlik kon hul 'n mag uitoefen wat gelykstaan aan dié van hul werkgewers — vakunies was aan die opkoms. Namate die arbeiders stemreg en meer regte verkry het, is die politiek van *laisser faire* van die XIXe eeu geleidelik prysgegee. Arbeiderwetgewing teen misbruike in nywerhede is met verdrag ingevoer. Die kommunistiese leerstelling van die XIXe eeu is die kinders van die Industriële Revolusie.

In die XIXe eeu het dit egter gelyk asof Volksregering die *sum-mum bonum* kon wees. Aan die eise van die arbeiders kon voldoen word; produseer maar meer, maak die omset groter en die arbeiders kon bevredig word — dit was die leuse. Met onbeperkte markte in die vooruitsig, was stygende lone 'n normale ontwikkeling.

In die XXste eeu het egter 'n end aan hierdie vooruitsig gekom. Hier het ons te doen met markte wat inkrimp. Die werkende klasse eis steeds meer, terwyl 'n bevrediging aan hierdie eise 'n negering van die kapitalistiese stelsel sou beteken. So kom ons terug in die huidige eeu na die indeling van Plato: die rykes teen die armes in die Staat.

Dis ook opmerklik dat die hedendaagse demokrasie deur die besittende klasse beskou word as 'n „kapitalistiese” Demokrasie. Soos reeds aangetoon, is hierdie kapitalisme weer gegrondves op onbeperkte markte; verval hierdie laaste premisse — soos vandag — dan word die grondstellings verander.

Om hierdie rede is dit nie so eienaardig dat in Italië en Duitsland by al die bykomende faktore daar ook 'n sterk motivering ontstaan het om sosialisme en kommunisme te voorkom nie. Hierdie dryfvere het die besittende klasse genoop om die nuwe bewind te rugsteun. Wanneer die gewone burger tot die „gevaarlike” gevolgtrekking kom dat politieke gelykheid ook 'n sekere mate van ekonomiese gelykheid kan beteken, dan word Volksregering 'n gevaar vir die besittende klasse. Demokrasie is 'n onskadelike regeringstelsel solank dit nie te veel aan die beurse van partikuliere raak nie; maar, as dit die ekonomiese indeling werklik te na kom, dan word dit „gevaarlik”.

Onthou moet word dat die na-oorlogse tydperk *twee* oplossings aan die hand doen. Waar daar Fascisme bestaan, bestaan daar ook Bolsjewisme. Dit het net daarvan afgehang watter party die sterkste was. In alle gevalle is 'n punt bereik waar sosialisme óf moes voortgaan óf moes opgehef word. Nogtans het albei bewegings heelwat gemeen, hoewel die een partikuliere besit beklemtoon, terwyl die ander dit heeltetal afgeskaf het. Die vorm wat die „nuwe stelsel” aangeneem het, het dus afgehang van watter klas die teuels in hande gekry het.

Nogtans sou dit 'n gebrek aan 'n sin van verhouding aan die dag lê om te praat van 'n algemene verval van Volksregering en 'n algemene opbloeit van diktatorskappe.

As die drie uitstaande voorbeelde — Sowjet-Rusland, Italië en Duitsland — sorgvuldig ontleed word, sal dit gou duidelik wees dat hul maar min bewys. In *Rusland* was daar slegs wanregering — hierdie land het nog nooit voorheen Volksregering ingevoer nie. In *Italië* het Volksregering nooit behoorlik gefungeer nie. Waar die ideologie van die Fascisme gebou is op die grootsheid van die vergane Romeinse Ryk, is die model van diktatuur ook vandaar ingevoer. *Duitsland* is ook nog nooit gewonne vir die demokrasie nie — laasgenoemde is ingevoer op 'n tydstop toe die ekonomiese en maatskaplike lewe van die land in puin gelê het. Die huidige bewind sal nog moet bewys of hy die volk uit daardie moeras kan help. Al drie vorms van outargie het ten minste drie gemeenskaplike eienskappe: 'n algehele onderdrukking van Vryheid en 'n hewige kampanje teen die Godsdiens. In al drie gevalle probeer die Staat alles en almal insluit: selfs die Godsdiens en gedagtegang van die burgers moet tot die fynste gekontroleer word. Die inwoners word geregimenteer soos 'n groot leër: dissipline en dwang vervang vryheid. Dit laat mens onwillekeurig dink aan die ou stadstaat Sparta.

In die lig van die geskiedenis is dit egter moeilik om hierdie beweginge as die draers van algemeen-geldige waarhede aan te neem: 'tsy hul leerstellings verkondig word deur Marx, Mussolini of Hitler. In die geskiedenis was diktatorskappe kortstondige verskynsels: stelsels wat ontstaan het ten tye van groot nasionale omwentelinge, om weer later deur Volksregering vervang te word. 'n Studie van die filosofie en ideologie wat voorgenoemde beweginge probeer regverdig, versterk die sienswyse dat die bestaan in alle waarskynlikheid maar kortstondig sal wees.

Natuurlik sal hierdie beweginge in verskeie lande nageboots word. Dis 'n doodgewone verskynsel. Nogtans is so 'n omwenteling byna sonder uitsondering 'n kind van sy tyd en van sy land. Netsoos die Franse Revolusie homself in Frankryk en Frankryk alleen uitgespeel het, terwyl die gelouterde idees met verdrag in verskeie lande ingevoer is, netso kan ons verwag dat dieselfde in hierdie gevalle sal gebeur.

Die grootste gevaar van die bestaande diktatorskappe is egter hul oorlogspotensialiteite. Waar 'n groot volk soos 'n gewapende kamp afgerig is, waar die openbare mening doodgesmoor of gekontroleer word, waar die versoeking baie sterk is om die aandag van die volk van die haglike interne omstandighede af te trek deur 'n oorlog met die buiteland, is die moontlikhede tot vrede baie beperk. 'n Vingerwysing na die optrede van Napoleon sal hierdie aspek voldoende toelig.

Diktatorskappe en alle statiese regeringstelsels dra die kieme van ontbinding saam met hulle. Om bevele uit te vaardig, om argumente met die swaard te onderdruk, word gou 'n gewoonte. Die klein groepie wat homself as goddelik geïnspireer beskou, kan op die duur onmoontlik alle wysheid in pag hê. Maar die volk en die volk alleen is uiteindelik in staat om te besluit of die toegepaste maatreëls aanneemlik is of nie. Per slot van rekening oordeel alle persone volgens hul ondervinding; hoemeer ondervinding op spel gebring word, hoemeer organies en dinamies is die gemeenskap saamgestel, hoe breër is sy fundamente. Dit word vandag dikwels vergeet dat die vooruitgang van die Westerse Beskawing hand aan hand saamgegaan het met Vryheid van Godsdiens, van Denke en Spreke: die slagare van die maatskappy.

Diktators en hul trawante veronderstel graag dat hulle en hulle alleen die verstandige groepie binne die Staat is. As hul ware volksleiers was, sou hul hul optrede aan die volk onderwerp, sou hul kritiek aanmoedig. Selfs al neem ons aan — en dis 'n groot veronderstelling — dat hul beter regering verskaf, is goeie regering op die duur geen substituut vir selfregering nie.

Diktators beroem hul daarop dat die volk hul ondersteun, hul ontken beslis dat hul maatreëls ongewild is. En hierdeur word die premisse van Volksregering ook deur hul toegegee. Die demokrat oortuig eers die volk en dán tree hy op. Die diktator wil eers optree. Hy erken dus die waarheid van Volksregering — maar is nie in staat om dit prakties toe te pas nie. Hy is verstandig, maar

nie verstaanbaar nie. Hy is oortuig van sy eie roeping en voortreflikheid, maar kan niemand duld wat dit nie met hom eens is nie. So 'n regeringstelsel is uitstekend vir 'n volk wat nog nie in staat is om vir homself te oordeel nie; maar, vir 'n volk wat besiel is met die idee van Vryheid is dit 'n onaanneemlike leer.

Al kom dit voor dat die algemene beginsels van Volksregering nog steeds kop en skouers staan bo dié van 'n outargie, dan beteken dit nog lank nie dat Volksregering volmaak is nie. Hierdie stelsel toon spore van veroudering, en moet aangepas word by ons hedendaagse omstandighede.

Dis klaarblyklik dat selfregering diep wortels geskiet het in ons volkslewe. Toe die Voortrekkers die Kaap verlaat het, is demokrasie sonder meer ingevoer. Dit het nie saak gemaak dat daar toen-ter-tyd nog maar 'n Kroonkolonieregering in die Kaap in swang was nie. Die suiwerste vorm van Volksregering is ingevoer, nl. dié van 'n algemene vergadering waarop al die volwasse Trekkers verteenwoordig was en waaraan almal direk kon deelneem. Hierdie Volksregering was kenmerkend van al die Boere-republieke. Die onafhanklikheidsin was so sterk in die voormalige klein Republieke — dink bevoorbeeld aan Transvaal — dat selfs samewerking vir 'n tyd baie moeilik was. Hollands Suid-Afrika het Vryheid in teorie en praktyk gehandhaaf. Die Franse vlugtelinge het hul ou vaderland verlaat om Vryheid in die vreemde te gaan beoefen. Die Britse Setlaars het demokratiese beginsels met hul meegebring: pogings om 'n aristokratiese orde in die Kaap in te voer, het hopeloos misluk.

Hierdie Vryheid mag in normale tye as iets negatiefs voorkom; maar 'n gebrek aan Vryheid, aan seggenskap in die regering van die land, sal daardie selfde eienskappe weer na vore bring. Ons kan dankbaar daarvoor wees dat dit ondenklik is om ons bevolking te regimenteer: om Vryheid te vervang deur dissipline. Die geaardheid, godsdienst en gewoontes van ons volk sal dit nooit op die duur duld nie.

Maar, waar 'n land uitgestrek is, met heelwat geografiese hindernisse, word algemene vergaderings onmoontlik. Die enigste alternatief is kiesafdelings, vanwaar verteenwoordigers gestuur word na 'n Volksraad. Aangesien die verteenwoordigers so maklik uit voeling kan raak met hul kiesers, is dit nodig om kort-kort nuwe eleksies voor te skryf.



By 'n landboubevolking werk die stelsel van territoriale kiesafdelings goed. Maar namate 'n land op industriële gebied ontwikkel, word hierdie stelsel al hoe minder verteenwoordigend wat betref die belange van partikuliere bedrywe.

In baie opsigte sal 'n onderwyser wat langsaan 'n handelaar in Pretoria woon, baie minder gemeen hê met sy buurman as met 'n mede-onderwyser wat in Kaapstad woonagtig is. Die saak kan so geskei word: wat betref hul stedelike belange en hul algemene landsbelange het die onderwyser en die handelaar heelwat gemeenskaplike belange. Wat betref hul respektiewe beroepe, loop hul belange heeltemal uitmekaar.

Hierdie aspekte van die individu behoort op 'n vaste grondslag verteenwoordig te word. Daar is dus 'n vingerwysing na twee soorte liggame: 'n Parlement wat die burger as burger verteenwoordig, wat te doen het met algemene landsake en 'n ander liggaam waar die individu as broodwinner, as die uitoefenaar van 'n sekere beroep of bedryf verteenwoordig moet word.

Oor die algemeen word ons vandag slegs as burgers verteenwoordig. Ons gewone wetgewende liggame moet oor alle sake maatreëls indien. Maar die Parlement het nóg die tyd nóg die nodige kennis om oor alle ingewikkelde landsake besluite te neem. Onthou moet word dat die hedendaagse Staat omgeskep is van 'n organisasie die hoofrol waarvan was om konstabel te speel, na 'n instelling wat hoofsaaklik rigting en leiding moet gee, omrede sy wye omvang en die uitgebreide kennis wat hy tot sy beskikking het.

Daar is sommige wat van mening is dat die Parlement alleen uit deskundiges behoort te bestaan. Dit sou noodlottig wees. Die Parlement moet die openbare mening verteenwoordig — van parlamentslede moenie intelligensietoetse verwag word nie. Veronderstel dat die Volksraad bestaan uit dokters, boere, onderwysers, handelaars, ensovoort — almal vakmanne. Wat weet die een van die ander se beroep? Die deskundige, het iemand gesê, is 'n persoon wat 'n steeds toenemende kennis besit oor 'n veld wat steeds kleiner en kleiner word. Hoe sou so'n liggaam kan besluit oor buitelandse beleid, oor verdediging, oor 'n agturige werkdag, oor vry onderwys en nog 'n menigte dergelyke onderwerpe? Laat ons die saak só stel: die volksverteenwoordigers moet besluit of ons vry onderwys wil invoer of nie, die deskundiges moet dit in die praktyk uitvoer. Netsoos ekself moet besluit of ek 'n huis wil laat bou en hoeveel ek daarvoor kan betaal, terwyl die argitek — en die ander deskundiges — die huis moet optrek en bou.

Waar probeer is om algemene landsake deur 'n verskeidenheid van deskundiges te bepaal, was dit sover nog altyd 'n mislukking vanweë die groot uiteenlopendheid van mening en gebrek aan kennis oor terreine wat nie presies binne die bestek van daardie deskundiges val nie. Buitendien is die volk nie altyd tevrede met die werking van deskundige skemas nie; helaas maak selfs die beste deskundige soms foute. Dis een van die funksies van die volksverteenwoordigers om toe te sien dat die deskundige met die openbare mening rekening hou.

Omdat ons samelewing so ingewikkeld geword het, het ons met verdrag afgedwaal van die demokratiese beginsel. Weliswaar geld hierdie beginsel nog wat betref algemene landsbeleid. Maar hierdie beginsel word so langamerhand verdring in die toepassing daarvan.

Juis omdat die Parlement nie afgerig en toegerus is om te besluit oor die fyn besonderhede van vraagstukke nie, neem daardie liggaam dikwels 'n algemene wet aan en dit word dan aan die Uitvoerende Gesag oorgelaat om die besonderhede later te bepaal. Dit lei tot burokrasie of amptenaarsregering. Die amptenaar verteenwoordig nie die openbare mening nie — dis ook nie een van sy funksies nie; hy is alleen deskundige. Maar as die amptenaar wetgewer word, verdwyn Volksregering. Dit lei daartoe dat die gewone burger, ten opsigte van sy bedryf of beroep waarmee hy sy bestaan verseker, voel dat hy magteloos is. Hy werk onder talle van regulasies in die optrek waarvan hy geen seggingskap het nie.

Waar die Regering te doen het met vraagstukke wat klein groepies in die Staat raak omdat hulle sekere bedrywe of beroepe uitoefen, moet daardie seksies geraadpleeg word. Dink byvoorbeeld aan die maatreëls wat die boer as boer, die onderwyser, die medikus, die handelaar, die argitek, ensovoort raak. Hier het ons te doen met georganiseerde belange, waarin die betrokke persone as deskundiges geraadpleeg behoort te word.

Hierdie vraagstuk is al goed besef in meeste demokratiese lande. In ons land word getrag om die oplossing daarvan te vergemaklik deur die instelling van Permanente Rade en Kommissies. Dink aan die Mielieraad, die Koringraad, die Suiwelbedryfraad, die Mediese Raad en 'n menigte van ander Rade. Meer as 30 sulke Rade is al in die lewë geroep sinds 1910.

Maar ons staan nog slegs aan die vooraand van hierdie ontwikkeling. Sulke Rade behoort ingestel te word vir elke beroep of bedryf. Hulle behoort populêr verkies te word deur die betrokke belange — en behoort nie deur die Regering aangestel te word nie. Hulle behoort geraadpleeg te word by die opstel van elke nuwe wet wat hul belange raak, asook by die uitvoering daarvan. Hulle sienswyse behoort aan die publiek bekendgemaak te word. Hulle sal goeie maatreëls van die Regering ondersteun, ongewenste maatreëls opponeer. Waar, byvoorbeeld, sake die belange van produsente en verbruikers raak — soos die vasstelling van pryse of die gehalte van ware — behoort verbruikers en produsente gesamentlik te beraadslaag en langs dié weg tot 'n vergelyk te kom.

Hierdie Rade behoort 'n netwerk te vorm dwarsdeur die lengte en breedte van die land: plaaslik, provinsiaal, nasionaal. Hul behoort nie alleen deur die Unieregering geraadpleeg te word nie, maar ook deur die Provinsiale Rade en die Munisipaliteite na gelang van omstandighede.

Hierdeur sal die weg gebaan word vir die deskundige om vrywilliglik sy kennis en ondervinding by te dra tot die volste ontwikkeling van ons nasionale lewe. Almal wil nie of kan nie parlamentslid word nie: maar byna almal kan meehelp in die opstel van reëls waarvolgens hul moet werk om hul daelikse brood te verdien.

Sal sulke Rade nie uiteindelik die Parlement vervang nie? Die Parlement sal onder so 'n goedgeordende stelsel heelwat minder werk te doen hê. As die Minister byvoorbeeld 'n wetsontwerp voorstel wat die goedkeuring van mieliëprodusente- en verbruikersrade wegdra, sal die Parlements lid weet dat alles waarskynlik in die haak is. As die betrokke Rade onderling met mekaar oorhoop lê, sal nader ondersoek en onderhandeling moontlik nodig wees. As die Raad met die Minister verskil, sal die Parlement moet besluit aan wie gelyk gegee moet word.

Daar bestaan 'n dringende behoefte vir die invoering van b.g. beginsels van nouere samewerking in ons industrieë en nywerhede. Die tyd is aan 't verbygaan dat werkers in fabriek die wil van werkbase sal aanneem as die wet van Mede en Perse. Hulle wil ook geraadpleeg word, hulle wil ook seggenskap hê. Die lotgevalle van die werker kan nie op die duur afhang van die willekeur van die werkgever nie. Stakings is ongewenste anakronismes. Die bankrotspeel van groot ondernemings en uitgebreide stakings is nasionale

rampe wat voorkom moet word: dit kan alleen gebeur deur bytyds 'n vaderlike oog te hou op sulke ondernemings. As daar duursame interne vrede onder die verskillende klasse van die gemeenskap gehandhaaf moet word, sal die sogenaamde „besigheidsondernemings” omgeskep moet word op dieselfde grondslag as beroepsorganisasies en meer klem sal op dienste aan die maatskappy gelê moet word. In hierdie verband sou dit tot 'n sekere mate beteken 'n herinvoering van sekere onderliggende idees van die middeleeuse Gildestelsel.

Die voorgenoemde Rade behoort ook sentra te wees van uitgebreide navorsingswerk op hul respektiewe gebiede. Die tyd van klein ondernemings wat in die duister rondtas sonder kennis en sonder rigsoer is ook verby. Die markte is dikwels voor die deur, maar dit ontbreek slegs aan rigtinggewende koördinerende en navorsing.

Die rigtings soos hierbo in 't kort aangedui, is die nuwe ontwikkeling op die gebied van staatsorganisasie. Hulle is almal maatreëls om Volksregering aan te pas by die toenemende behoeftes en eise van ons tyd. By hierdie raamwerk pas Volksregering nie alleen in nie — dit kom my voor as 'n noodsaaklike vereiste. Dis nie nodig om 'n outargiese regeringstelsel na te boots ten einde hierdie veranderinge in te voer nie; dis ten minste hoogs twyfelagtig of hierdie vrywillige samewerking verkry kan word onder 'n outokratiese stelsel; die demokratiese fondament is egter meer as breed genoeg om die nuwe struktuur te dra.

Laastens 'n paar gedagtes oor die behoefte aan blote plaaslike bestuur in ons land. Ons vind in Suid-Afrika dat ons bestuursliggame bestaan uit die Parlement, die Provinsiale Rade en die Munisipale Rade. Op die platteland is daar geen verkose algemene bestuursliggame nie — met uitsondering van die Afdelingsrade van die Kaapprovinsie. As gevolg van hierdie gebrek neem die Nasionale en Provinsiale Regerings 'n posisie in wat nie stryk met die ware behoeftes van plaaslike aangeleenthede nie. As 'n doodgewone plaaspad op die platteland deur die Provinsiale Raad gemaak en onderhou moet word, lei dit onvermydelik tot 'n gebrek aan plaaslike belangstelling. Die neiging ontwikkel om vraagstukke minder en minder te benader vanaf die plaaslike aspek, en meer en meer te dink in landsterme. Partygevoel en 'n gemis aan 'n verantwoordelikhedsin word hierdeur onnodig versterk. Regering is 'n kuns wat plaaslik deur eie ondervinding aangeleer moet word. Die man

wat eers geleer het om sy eie plaaslike sake en daarna sy provinsiale sake te beheer, is 'n groot aanwys vir sy volk wanneer hy uiteindelik by die Volksraad uitkom. Wanneer die nasionale volksverteenvoordigers egter geen kennis het van plaaslike bestuur nie, ontbreek hul aan 'n byna onontbeerlike agtergrond. Elke persoon kan maar grotendeels oordeel volgens sy eie ondervinding, en in die eerste instansie behoort die individu se ondervinding vasgekoppel te wees aan sy onmiddellike omgewing.

Die Provinsiale Rade speel 'n nuttige rol, maar hul voldoen nie aan die vereistes van blote plaaslike regering nie. Hulle gebiede is te groot daarvoor, hul bevolking te verskillend. Daarom behoort daar in ten minste die drie Noordelike Provinsies, kleiner eenhede van plaaslike bestuur, populêr verkose, met plaaslike seggingskap en verantwoordelikheid ingestel te word. Na my beskeie mening sal ons maatskaplike en geldelike vraagstukke aansienlik vergemaklik word deur ware plaaslike regering op die platteland in te voer, wat tot 'n sekere mate kan gelykstaan met ons dorpsbestuursrade. Ons land is so uitgestrek dat die plaaslike behoeftes dikwels oor die hoof gesien moet word omdat daarvoor geen spesifieke liggame ingestel is nie.

Nog byna alle Regeringskommissies van Ondersoek wat oor provinsiale vraagstukke aangestel is, het tot dieselfde gevolgtrekking gekom, en dis moeilik om te sien hoe ons regeringstelsel ooit op 'n gesonde basis gestel kan word, solank as hierdie groot behoefte mank gaan.

Die slotsom waartoe ons, wat betref Volksregering kom, is dat hy deur 'n lang tradisie vir goed by ons ingeburger is: dis een van die kosbaarste erfgoedere van die verlede. Weliswaar is sekere aanpassings nodig; maar dié moet al gaande in terme van ons eie ondervinding en behoeftes ontwerp word. As ons ons geskiedenis nie wil vergeet nie, sal dit gou duidelik wees dat ons volk hom nie sal leen tot 'n oorplanting op groot skaal van sommige groen-afgeplukte s.g. nuwerwetse idees wat in sommige wêrelddele die rondte maak nie. Ons is 'n vreedsame volk wat nie in 'n geregimenteerde oorlogsatmosfeer sal wil leef nie.

Oor die toekoms van ons stelsel hoef daar nie soveel sielewroegings te ontstaan nie: solank as ons ons vraagstukke aanpak in die lig van ons gesonde tradisies, ondervinding en beskikbare kennis, bevat ons voldoende lewensvatbaarheid om alle vraagstukke

op die duur te bemeester. Die grootste ewels van die huidige wêreld is Armoede en Oorlog. Nog geen ander stelsel het bwys gelever dat hy hierdie ewels kan uitskakel nie. Waarom dan van die beproefde ou paaie afdwaal?

